basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## 2019

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 31 bladsye.**

## INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.


| **AFDELING A: ROMAN**<br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 4 |
| | | |
| 2. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 7 |
| | | |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 10 |
| | | |
| 4. *Lien se lankstaanskoene* | 35 | 13 |
| | | |

| **AFDELING B: DRAMA**<br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
|---|---|---|
| 5. *Poppie – die drama* | 35 | 16 |
| | | |
| 6. *Paljas* | 35 | 19 |
| | | |
| 7. *Fiela se kind – die drama* | 35 | 22 |
| | | |

| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
|---|---|---|
| 8. *Spieëlbeelde* | | |
| 8.1 "Oom Dries se sorge met Jantjie" | 18 | 26 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Rot in 'n val" | 17 | 27 |
| | | |

| **AFDELING D: GEDIGTE**<br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE gedigte** | | |
|---|---|---|
| 9. *Verskuns vir Eerste Addisionele Taal* | | |
| 9.1 "pryslied" | 18 | 29 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Rondom my" | 17 | 30 |
| | | |

**NASIENRIGLYNE**

- As 'n kandidaat in AF-DELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.
- Indien TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.
- As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.

## AFDELING A: ROMAN

## VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | Groot-Eiland | 1 |
| | | |
| 1.2 | Joram het sy seuns geleer van ...<br>• die voëls in die Bos.<br>• die bokke in die Bos.<br>• die bome in die Bos/watter bome hulle moet kap en watter nie/hoe om hout te kap.<br>• 'n skerm maak.<br>• die olifante in die Bos/versigtig wees vir grootvoete.<br>• gelowe en bygelowe in die Bos.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 1.3.1 | olifante/grootvoete/grootpote | 1 |
| 1.3.2 | dwarslêers/hout | 1 |
| 1.3.3 | sirkel | 1 |
| 1.3.4 | MacDonald | 1 |
| | | |
| 1.4 | • Saul was verbaas dat die dorp nie in die Bos was nie.<br>• Saul was verskrik toe hy die oopte/kaalte/min bome/lig in die dorp sien.<br>• Saul het hom verkyk aan die mense/mense se klere/geboue in die dorp.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.5.1 | • Hy het geweier om na sy pa te luister.<br>• Hy het geweier om die kalander te kap.<br>• Hy het geweier om die minste te wees toe sy pa hom wegjaag.<br>• Hy wou nie luister toe Patterson hom vra om om te draai nie.<br>• Hy wou nie luister toe Maska en Kate vir hom sê dat hy nie die Bos kon verlaat nie.<br>• Hy wou nie luister toe Maska soebat dat hy nie vir Oupoot moes gaan skiet nie.<br>• Hy wou nie nee as antwoord aanvaar toe Maska geweier het om vir hom die geweer te leen nie.<br>• Hy wou weet waar in die bloubokkie se kop sit die gal.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 1.5.2 | • Dit was vir Saul ’n vernedering om as weggejaagde bekend te staan.<br>• Saul het Kate se woorde oor Boskinders nooit vergeet nie.<br>• Saul het op die Bybel gesweer dat hy uit sy armoede en minderwaardige lewe sou loskom.<br>• Saul het sy man teen Caroline MacDonald gestaan toe sy hom beledig het oor sy houtkapperbloed.<br>• Saul wou nie kos verniet by oom Martiens hê nie.<br>• Saul het nie MacDonald se diens verlaat toe hy agterkom dat hy sy familie se skuld moes betaal nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.6 | • Joram en Saul het nie eners oor die Bos gedink nie.<br>• Die twee het net te veel baklei oor die kap van bome/bewaring van die Bos/afkap van die kalander/bloubokkie se gal.<br>• Saul was al lank besig om vir Joram kwaad te maak. (Voorbeelde is aanvaarbaar soos bevraagtekening van alles)<br>• Saul het die indruk geskep dat die lewe van 'n houtkapper nie vir hom goed genoeg was nie.<br>• Joram en Saul was ewe hardkoppig en trots.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.7 | • Saul het gesien hulle skiet ook olifante.<br>• Saul het gesien hulle het olifantvleis gehad/geëet.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.8 | • B<br>• verraai<br>• B verraai<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 1.9 | • Saul het geweet dat MacDonald gelieg het./Saul het teen daardie tyd geweet wanneer MacDonald gelieg het.<br>• Saul het geweet dat daar nie loeries in die rigting van die Homtini was nie.<br>• Saul het geweet daar was nie snaakse klippe in Meulbos se rigting was nie.<br>• MacDonald het nie geweet dat Saul Engels kon praat/verstaan nie.<br>• MacDonald het nie geweet dat Saul sou weet die gereedskap wat hulle saamgeneem het, was om vir goud te soek nie.<br>• MacDonald het nie geweet dat Saul die gerugte oor goud in die Bos gehoor het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.10 | • Dit het vir Saul gewys waar hy vir goud moes delf.<br>• Saul het geleer hoe om spoelgoud te delf/'n goudpan te gebruik.<br>• Dit het Saul op die pad na finansiële onafhanklikheid geplaas/hy het 'n goudpan by Patterson gekry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.11 | • Arend (Botha)<br>• Oom Martiens se seun<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 1.12.1 | verneder | 1 |
| | | |
| 1.12.2 | • Hy wou vir Saul wys dat hy steeds dink houtkappers is minder-waardige mense.<br>• Hy was jaloers/het bedreig gevoel omdat Saul voorspoedig was.<br>• Hy het nie van Saul gehou nie.<br>• Hy wou wys hy is in beheer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(1.12.1 moet KORREK wees om hier punte te verdien.)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.13 | • C<br>• daar spanning tussen Saul en MacDonald was.<br>• C daar spanning tussen Saul en MacDonald was.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 1.14 | "En nou het hulle ’n rif ontdek."<br>*(Met of sonder aanhalingstekens)* | 1 |
| | | |
| 1.15 | Die delwers ...<br>• mag slegs dooiehout as vuurmaakhout gebruik het/mag nie sommer enige boom vir vuurmaakhout afgekap het nie.<br>• mag diere net vir kos geskiet het.<br>• mag nie bloubokkies geskiet het nie.<br>• mag net fisante of bosbokke geskiet het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| | | |
| 1.16.1 | Barkley | 1 |
| | | |
| 1.16.2 | • Saul kon die grootste van die twee stampmeulens kry om die rifgoud uit te kry.<br>• Saul kon (die helfte) van (al) die rifgoud wat hy uithaal, vir homself hou.<br>• Saul sou sy eie baas kon wees (mits hy die helfte van die goud wat hy uithaal, vir Barkley gee.)<br>• Saul sou hulp kry/op die hulp van 'n prospekteerder kon staatmaak.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 1.17 | • Saul het vir die lewe van Oupoot gaan pleit.<br>• Hy het seker gemaak dat Oupoot se ivoor nie verkoop kon word nie.<br>• Hy kon eerstehands gaan sien hoe die Bos verniel is.<br>• Hy kon sy broer oortuig dat dit wat van die Bos oorgebly het, bewaar moes word./Hy kon sy broer oorreed om saam met hom te werk.<br>• Met die hoekerf in sy besit, kon hy die Bosmense se lewens verbeter.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 1.18 | die Bos vernietig sou word | 1 |
| | | |
| 1.19.1 | • Jy kan uitstyg bo jou omstandighede.<br>• Aanvaar dat jy 'n verantwoordelikheid teenoor die natuur het.<br>• Moenie alles aanvaar wat mense vir jou vertel nie.<br>• Baklei vir dit wat jy wil hê./As jy vir iemand lief is, is dit die moeite werd om vir daardie persoon te baklei.<br>• Moenie jou drome laat vaar nie.<br>• Moenie dat geld jou verblind nie.<br>• Leef vir die waarheid./Doen altyd die regte ding.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde; nasiener gebruik diskresie waar lesse genoem word wat nie soortgelyk aan bogenoemde is nie.)* | 1 |
| | | |
| 1.19.2 | • Maak dinge wat tussen jou en jou ouers krap reg terwyl daar tyd is.<br>• Moenie toelaat dat verskille julle uitmekaar dryf nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde; nasiener gebruik diskresie waar lesse genoem word wat nie soortgelyk aan bogenoemde is nie.)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.20 | • Maska het nooit vir Saul verwyt dat hy sy pa se span verlaat het nie.<br>• Maska het seker gemaak dat alles wel was met Saul as delwer.<br>• Maska het vir Saul op hoogte gehou met wat op Groot-Eiland gebeur het.<br>• Maska wou keer dat Saul vir Oupoot skiet.<br>• Maska wou keer dat Freek of Jozef vir Oupoot kry/skiet.<br>• Maska het Saul herinner wat reg is en wat sy verantwoordelikheid is.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | **[35]** |

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.1 | Kaapstad | 1 |
| | | |
| 2.2 | Die huis het verwaarloos gelyk omdat ...<br>• die vensters gekraak/gebreek was.<br>• die onkruid welig gegroei het/die tuin onversorg was.<br>• die mure vuilwit was.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 2.3.1 | geskep | 1 |
| 2.3.2 | 2/twee | 1 |
| 2.3.3 | tande | 1 |
| 2.3.4 | sjokolade | 1 |
| | | |
| 2.4 | Hanna het haar biologiese pa nie as 'n gewone, normale man gesien nie omdat hy ...<br>• gay/homoseksueel is.<br>• maskara dra.<br>• nie soos ander pa's, dasse dra nie.<br>• peroksiedhare het.<br>• op sy troudag amper meer glansryk as die bruid was.<br>• ongewone geskenke koop.<br>• bereid was om 'n kind by sy woonstelmaat te hê al was hy gay.<br>• drama queen is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.5.1 | Volgens Hanna was Mana nie netjies nie omdat sy ...<br>• sommer rondloop met hare vol verfkolle/verfkwaste/wat ongekam is.<br>• geweier het om ordentlik aan te trek vir 'n afspraak/soos 'n voëlverskrikker gelyk het.<br>• met verfkolle op haar gesig sou uitgaan.<br>• met haar pantoffels sou uitgaan.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.5.2 | Volgens Hanna het Mana vreemde idees gehad omdat sy ...<br>• almal op haar wittebrood wil saamsleep.<br>• met 'n gay man trou om 'n kind te hê.<br>• besluit om 'n kind te hê, maar nie 'n man nie (proefbuisbaba).<br>• nie daarvan hou om "ma" genoem te word nie.<br>• haar baba Ditjie noem.<br>• blou lemoene en rooi piesangs verf.<br>• haar laat verlei het met 'n bos pietersielie met 'n rooi strik/groot aartappel.<br>• na paraffien ruik.<br>• haar motor se agtersitplekke uitgehaal het om haar skilderye te vervoer eerder as haar kinders se vriende.<br>• geglo het seuns mag popspeel en meisies rugby.<br>• groen skoene en 'n pers hoed/hansworshoede gedra het.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 2.6 | • Hy was ook lief vir boeke/lees/woordkuns.<br>• Hy is die een wat haar gemotiveer het om haar storie te skryf.<br>• Hanna noem vir Beyers die enigste beskaafde siel tussen die barbare; dis net hy wat haar kreatiwiteit verstaan.<br>• Beyers kon vir haar uit Shakespeare aanhaal.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.7 | • Hanna het alles bevraagteken.<br>• Hanna se eerste woord was "Hoekom".<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.8 | • C<br>• negatief<br>• C negatief<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 2.9 | Dit het die (uitgebreide) gesin kans gegee om mekaar beter te leer ken.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.10 | • Sharon sou vir Hanna wys dat ...<br>○ elke mens se lewe meer as een kant het.<br>○ 'n mens nie ryk hoef te wees om gelukkig te wees nie.<br>○ 'n mens nie iemand moet oordeel oor hoe hy/sy lyk nie.<br>○ sy nie objektief is as sy na haar uitgebreide gesin kyk nie/sy haar gesin moet aanvaar.<br>• Aan die begin sou Sharon vir Hanna help om van die werklikheid van haar gesin weg te vlug.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.11 | Hy wou gaan kyk of die water al gesak het/hulle al deur die drif/van die berg af kon kom. | 1 |
| | | |
| 2.12 | • A<br>• se hele houding verander het.<br>• A se hele houding verander het.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.13 | "So 'n snaakse glimlag op sy lippe, iets tussen irritasie en bewondering."<br>*(Met of sonder aanhalingstekens)* | 1 |
| 2.14 | • kookwater<br>• waslap<br>• handdoek<br>• naelknipper<br>• gaslampe<br>• musiek<br>• waskom<br>*(Enige DRIE)* | 3 |
| 2.15 | • Hanna het dadelik gesê dat haar sussie nooit mag seerkry nie/Hanna wou haar sussie beskerm.<br>• Hanna het dadelik 'n onlosmaaklike band met haar sussie gevoel/ was dadelik aan haar sussie vasgeknoop.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 2.16.1 | teleurgesteld | 1 |
| 2.16.2 | Sharon was verlief op Yann/het van Yann gehou/sy wou graag tyd saam met hom deurbring.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(2.16.1 moet KORREK wees om hier punte te verdien.)* | 1 |
| 2.17.1 | helikopter | 1 |
| 2.17.2 | • Mana<br>• die baba<br>• Beyers<br>• Margot<br>*(Enige TWEE)* | 2 |
| 2.18 | Ware | 1 |
| 2.19.1 | • Wees altyd jouself/ken jou tekortkominge.<br>• Dis nie verkeerd om anders te wees nie.<br>• Laat mense om jou glimlag.<br>• Positiwiteit maak die lewe beter.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.19.2 | • Moenie voorgee wie jy nie is nie/wees jouself.<br>• Ken jou beperkinge./Weet wat jy kan of nie kan doen nie.<br>• Vergewe jouself vir jou foute.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.20 | • Gavin het vir Hanna gesê dat sy ...<br>○ 'n "fabulous creature" by geboorte was/Fabulous Fabienne is.<br>○ perfek by geboorte was.<br>• Gavin het vir Hanna laat verstaan dat ...<br>○ sy nie 'n teleurstelling vir hom was nie.<br>○ alle gesinne hul eie snaakse gewoontes/konflik het.<br>○ haar snaakse ouers eintlik haar lewe ongelooflik avontuurlik maak.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2<br>**[35]** |

| **VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn** | | |
|---|---|---|
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
| 3.1 | Camilla (Calvin) | 1 |
| | | |
| 3.2.1 | Ronnie | 1 |
| 3.2.2 | afgebrand | 1 |
| 3.2.3 | Silkwood | 1 |
| 3.2.4 | 3/drie | 1 |
| | | |
| 3.3 | • Ryna moes navorsing oor malgasse gaan doen.<br>• Ryna moes 'n boek (met tekeninge) oor kusvoëls gaan doen.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 3.4 | Meeuland was ook vir Elsabet 'n wegkruipplek/nuwe begin toe sy met Jacob getrou het (toe sy van die land af weggevlug het na skinderstories oor haar en Fred).<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.5 | • Jannerik was die enigste een wat vir Ryna op Meeuland laat welkom voel het.<br>• Jannerik was die enigste een wat vir Ryna gehelp het om haar blyplek reg te kry.<br>• Jannerik en Ryna het van die begin af oor diep dinge/die lewe gesels.<br>• Jannerik kon seerkry en alleenwees herken.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.6.1 | wens sy was Ryna | 1 |
| | | |
| 3.6.2 | • Elsabet het nie Ryna se omstandighede geken nie.<br>• Elsabet se omstandighede was nie so hartseer soos Ryna s'n nie.<br>• Elsabet het nie geweet dat Ryna ook nie meer 'n ander heenkome gehad het nie.<br>• Elsabet se lewe was nie so sleg nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde)*<br>*(3.6.1 moet KORREK wees om hier punte te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 3.7.1 | • Jacob het haar oor die CB beledig terwyl sy geluister het.<br>• Daar was nie vir haar 'n aparte blyplek (reggemaak) nie.<br>• Jacob het reguit gesê hy gee haar drie maande op die eiland; dan sou sy self weggaan.<br>• Jacob het reguit gesê Meeuland was nie die plek om vir 'n kêrel te kom wegkruip nie.<br>• Hy het haar behandel asof sy nie die geleerde name van die voëls ken nie/asof sy nie baie geweet het nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan die bogenoemde)* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.7.2 | • Jacob het toegelaat dat Ryna hom help om die malgasse se kropinhoud te ontleed.<br>• Jacob het Ryna toegelaat om self 'n malgas te vang.<br>• Jacob het haar as Mama-Meeu begin aanspreek (en nie meer juffrou nie).<br>• Jacob het haar wond versorg nadat die malgas haar gebyt het.<br>• Jacob het haar saamgenooi sodat hulle hul werk kon gaan klaarmaak.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan die bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 3.8 | • C<br>• as versorger vir Janka en Jacob opgetree het.<br>• C as versorger vir Janka en Jacob opgetree het.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 3.9 | In die Kaap ...<br>• het hulle in 'n groot/weelderige huis gewoon.<br>• het Ryna 'n man en 'n seun gehad/was sy nie alleen nie.<br>• het Ryna 'n kantoorwerk by die Ornitologiese Instituut gehad.<br>• is Ryna gerespekteer vir haar kennis oor voëls.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde.)* | 1 |
| | | |
| 3.10 | • Ryna was daar om met die geboorte van Jacob se kind te help.<br>• Ryna het 'n klankbord/bondgenoot vir Jacob geword toe Elsabet hom verlaat het.<br>• Ryna het met die versorging van Janka gehelp.<br>• Ryna was iemand vir wie Jacob weer kon liefkry.<br>• Ryna het vir Jacob skuiling gebied sodat hy nie meer op Meeuland hoef weg te kruip nie.<br>• Ryna was vir hom iemand na wie toe hy kon terugkeer ná sy tronkstraf.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.11 | Die bekendstelling van haar boek (oor kusvoëls) | 1 |
| | | |
| 3.12 | • D<br>• finaal besef waar haar hart lê.<br>• D finaal besef waar haar hart lê.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 3.13 | • Jannerik se warm verwelkoming die dag toe sy op Meeuland aangekom het.<br>• Die romantiese aand wat Attie daar vir haar georganiseer het.<br>• Elsabet se dood en hoe haar lewelose liggaam daar uit die see gehaal is.<br>• Die skietvoorval waarin Janka gewond is.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| | | |
| 3.14 | "Die kaptein het gesê ons moet die gordyne en die kombuisgoed net so los, vir as Mama-Meeu weer kom kuier."<br>*(Met of sonder aanhalingstekens)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.15 | • Meeuland het as navorsingstasie gesluit.<br>• Jannerik moes Meeuland verlaat.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 3.16.1 | Ousanna | 1 |
| | | |
| 3.16.2 | • Ryna het weer haar eie plek gehad.<br>• Ryna kon vir Janka 'n tuiste skep.<br>• Ryna kon vir Jannerik ook by haar laat bly het.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan die bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 3.17 | • Ryna het besef dat sy reg was oor die jong man/Skalla wat die noodlottige aand in hulle huis was (en dit het troos gebied).<br>• Ryna het besluit om nie terug te gaan Kaap toe/na die Ornitologiese Instituut toe nie.<br>• Ryna het besluit dat daar vir haar 'n nuwe lewe op Salamanderbaai was./Sy het vir haar 'n huis op Salamanderbaai gekoop.<br>• Ryna het verantwoordelikheid vir Janka aanvaar.<br>• Ryna het (selfs) gekies om as Ryna bekend te bly./Sy wou nie meer Camilla wees nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan die bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 3.18 | dieselfde oor Meeuland gevoel het | 1 |
| | | |
| 3.19.1 | • 'n Mens moet iemand eers leer ken voordat jy 'n mening oor hom/haar vorm.<br>• Dit is verkeerd om iemand te (ver)oordeel voordat jy hom ken.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.19.2 | • 'n Mens moet jou nie laat onderkry deur vooroordeel nie.<br>• 'n Mens moet stilweg die ander persoon verkeerd bewys.<br>• 'n Mens moet vooroordele wegwerk deur sulke mense se respek te verdien.<br>• 'n Mens moenie op dieselfde wyse teenoor die ander persoon optree nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.20 | • Doreen: Ryna was vir haar 'n vriendin/klankbord/vertroueling./Ryna het vir Doreen ondersteun toe sy huweliksprobleme gehad het.<br>• Mathys: Ryna het die polisieman ontwykend geantwoord oor wat agter op die lorrie was/Ryna het vir Mathys die geleentheid gegee om sy lewe te verander/die spanning tussen hom en ant Hansie/polisieman te ontlont.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | **[35]** |

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt***

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | Pretoria/Jakarandastad/Tshwane | 1 |
| | | |
| 4.2.1 | Jakaranda | 1 |
| 4.2.2 | woonstel(letjie) | 1 |
| 4.2.3 | 4/vier | 1 |
| 4.2.4 | geld/beleggings/finansies | 1 |
| | | |
| 4.3 | • Lien wou oorsee gaan/'n kaartjie Londen toe koop.<br>• Lien het gewoonlik na Norah Jones geluister as dinge te veel raak.<br>• Lien wou in haar Lewensoriënteringklas ”weg” as beroep kies.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.4 | • Lien se ma het begin drink.<br>• Lien se ma het (op haar CD-speler) na musiek geluister<br>• Lien se ma het haar oorfone opgesit.<br>• Lien se ma het na haar kamer toe gevlug/kamerdeur toegetrek.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 4.5 | • C<br>• onbewus is van<br>• C onbewus is van<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 4.6.1 | • Lien het gewys dat sy verantwoordelik is wanneer sy gesorg het dat ...<br>○ daar altyd kos op die tafel was.<br>○ Braam se klere heel was.<br>○ Braam se hare gesny is.<br>○ daar kontak met die ouers is terwyl hulle nie by die huis was nie.<br>○ sy werk gekry/geld gekry (om vir die gesin te sorg).<br>○ die woonstel aan die kant is.<br>○ Braam sy huiswerk doen.<br>○ sy geld gespaar het/sy spaarsamig was/versigtig met geld gewerk het.<br>• Lien het aanvaar dat haar ma hulp moes kry.<br>• Lien het aanvaar dat sy die enigste een was wat Tibbey kon help.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 4.6.2 | Lien het gewys dat sy onselfsugtig was wanneer sy ...<br>• vra dat Donovan-hulle eerder Braam se hare sny as haar hare.<br>• die geld wat sy verdien, vir die huis te gebruik.<br>• haar spaargeld te gebruik om Tibbey te help.<br>• tyd afstaan en moeite doen om by ander geld vir Tibbey te probeer kry.<br>• haar ouers vir hulle misstappe vergewe/tweede kans gee.<br>• nie omgee wat die mense van haar vriende (Roos en Tibbey) sou dink nie.<br>• haar ma en broer versorg.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.7 | • Hulle het albei nuut by die skool gekom.<br>• Nie een van die twee wou daar wees nie.<br>• Hulle het mekaar se omstandighede geken.<br>• Hulle deel dieselfde humor.<br>• Hulle was gemaklik in mekaar se geselskap.<br>• (Voorbeelde is ook aanvaarbaar)<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.8 | • Tannie Bets het geweet dat tant Malie 'n kelnerin gesoek het.<br>• Tannie Bets het geweet Dirkie soek iemand om in Sue-Ellen se plek uit te help.<br>• Tannie Bets het die jong dominee geken wat vir Lien kon help.<br>• Lien het werk gekry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.9 | • Juffrou Breytenbach het dit gesien as 'n geleentheid om Lien by buitemuurse bedrywighede/ander leerders te betrek.<br>• As Lien saam met juffrou Breytenbach oefen, sal sy dalk later die vrymoedigheid gehad het om met haar oor haar huislike omstandighede te praat.<br>• Juffrou Breytenbach kon dadelik vir Lien in die rol van Weird Maria sien.<br>• Aan die einde het Lien haar talent vir drama ontdek.<br>• Dit sou Lien gehelp om uit haar omstandighede te ontsnap.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.10 | • Sally het vir Lien gesê dat hulle/die kinders nie skaam hoef te voel oor hulle ouers se misstappe nie/dit nie hulle skuld is nie.<br>• Sally het haar nie geoordeel nie/Lien se omstandighede verstaan.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.11 | In die kliniek (se tuin)/rehabilitasiesentrum (se tuin)<br>*(Nie rehab nie)* | 1 |
| 4.12.1 | wonder of | 1 |
| 4.12.2 | Haar ma het haar al by 'n vorige geleentheid teleurgestel (toe sy weer begin drink het).<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(4.12.1 moet KORREK wees om hier punte te verdien.)* | 1 |
| 4.13 | " 'n Lekker droom."<br>*(Met of sonder aanhalingstekens)* | 1 |
| 4.14 | • B<br>• dit vir Lien belangrik is om haar ma se situasie te verstaan.<br>• B dit vir Lien belangrik is om haar ma se situasie te verstaan.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 4.15 | • Lien het ...<br>  ○ gewens dat sy eerder in die motor kon bly sit.<br>  ○ vir tannie Bets gevra om saam met haar uit te klim.<br>  ○ ongemaklik gevoel toe haar ma haar gedruk het.<br>  ○ haar vrae huiwerig gevra.<br>• Lien het gesukkel om 'n gesprek te voer/ongemaklike stiltes ervaar.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.16 | • Lien se pa dink dat Lien glo alle prokureurs/hy is skelm.<br>• Lien se pa dink dat sy twyfel of daar geld is om regte te gaan studeer.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 4.17.1 | kyk na 'n video | 1 |
| | | |
| 4.17.2 | • Lien se pa/Meneer Jooste<br>• Hein (Venter) | 2 |
| | | |
| 4.18 | Weird Maria | 1 |
| | | |
| 4.19 | • Gerhard/Kuifie het vir Lien gehelp deur terug te gaan skool toe.<br>• Gerhard het haar gehelp om ...<br>o op te hou bedel.<br>o die gesin (finansieel) te ondersteun.<br>o vir haar werk as baba-oppasser te gee.<br>o vir haar ma werk te organiseer.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 4.20.1 | • 'n Mens moet jou werk blymoedig/met entoesiasme doen al is dit 'n eenvoudige werk.<br>• Plaas 'n glimlag op die gesig van die mens wat jy teëkom/wees vriedelik.<br>• Aanvaar die hulp van vriende.<br>• Maak die beste van jou omstandighede.<br>• As jy op 'n goeie/ware vriend wil kan staatmaak, moet jy self so 'n vriend wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.20.2 | • Lien:<br>o Wees bereid om (meer as een keer) te vergewe.<br>o As jy sê jy het vergewe, moet jy ook bereid wees om te vergeet.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>OF<br>• Lien se ma:<br>o 'n Mens moet kan vergewe sodat jy kan heel/gesond word.<br>o 'n Mens moet eers jouself vergewe voordat jy kan verwag dat ander jou moet vergewe.<br>o As jy vergewe word, moet jy alles moontlik doen om nie weer daardie mens(e) teleur te stel nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>OF<br>• Lien se pa:<br>o Jy moet kan sê jy is jammer voordat jy kan verwag dat ander jou moet vergewe/jy moet eerlik wees oor jou foute.<br>o Moenie net aanneem dat jy vergewe behoort te word nie.<br>o As jy vergewe word, moet jy alles moontlik doen om nie weer daardie mens(e) teleur te stel nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING A** | **35** |

## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotze

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1 | Upington | 1 |
| | | |
| 5.2 | • Respek vir grootmense/goeie maniere<br>• Hulle moes Xhosa praat<br>• Hulle moet weet van die Xhosa-geloof en -tradisies.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 5.3 | • Hulle het gelees.<br>• Hulle het saam met ouma Hannie gaan hout bymekaarmaak in die veld (en dan gom gesoek).<br>• Hulle het skool gegaan.<br>• Hulle het gesing.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.4.1 | pa/tata/ma/ouers | 1 |
| 5.4.2 | Lambertsbaai | 1 |
| 5.4.3 | Jakkie/Eric/Jakkalsie | 1 |
| 5.4.4 | skoonmaker/cleaner | 1 |
| | | |
| 5.5 | • C<br>• gedwing<br>• C gedwing<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 5.6 | • Poppie moes skool los om Mama se kinders op te pas.<br>• Poppie moes dieselfde gedoen het (ook kinders opgepas het).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.7 | • Hulle moes baie rondtrek.<br>• Hulle moes in die Kaap rondtrek, toe van die Kaap na Mdantsane, toe na Herschel.<br>• Die politieke situasie het hulle lewens onstabiel gemaak.<br>• Stone het siek geword/is dood.<br>• Poppie moes lang ure (in die Kaap) werk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.8 | • Sy het nie meer nodig gehad om haar oor haar pas te bekommer nie.<br>• Daar was 'n huis/'n skool vir haar kinders.<br>• Sy het nie meer nodig gehad om weg te kruip nie.<br>• Sy het haar kinders uit die politieke onrus in die Kaap weggeneem.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.9 | Stone se ouers het na Poppie se meisiekinders (Nomvula en Thandi) gekyk.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.10.1 | • Poppie kon goed Xhosa praat.<br>• Poppie was hardwerkend.<br>• Poppie het haar geloof behou.<br>• Poppie het haar kinders goed grootgemaak.<br>• Poppie het haar skoonfamilie se gebruike (tradisies) geleer/ gerespekteer. (Voorbeelde kan ook gegee word)<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 5.10.2 | • Bonsile het 'n meisie swanger gemaak.<br>• Bonsile het gemaak wat hy wil/Poppie se reëls ignoreer.<br>• Bonsile het nie sy verantwoordelikheid as pa nagekom nie.<br>• Bonsile het vir Jakkie gehelp om oor die grens te vlug.<br>• Bonsile wou nie saamgaan Mdantsane toe nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 5.11.1 | • Die paswette<br>• Die onderdrukkende apartheidswette<br>• Die ouers se swaarkry<br>• (Die ouers se) drankmisbruik<br>• Die migrants wou nie ophou wyn/drank verkoop nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.11.2 | moedeloos | 1 |
| | | |
| 5.11.3 | • Poppie het gesukkel om by haar werk te kom.<br>• Poppie het haar oor Jakkie bekommer.<br>• Jakkie was 'n bekommernis vir Mama/sy ma.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(5.11.2 moet KORREK wees om hier punte te verdien.)* | 1 |
| | | |
